Arbor

Fairland Pre-Primêr

Tel: 011 678 5336 : E-pos: admin@arborfairland.com
Webwerf: www.arborfairland.com : Voldag
Ouderdom: 3 maande tot 6 jaar

***'n Kweekhuis wat koester***

# PROSPEKTUS 2022

ARBOR FAIRLAND PRE-PRIMêR bied ‘n omvattende program wat:

- Kinders lief sal maak vir leer in ‘n stimulerende en liefdevolle omgewing
- Elke kind as ‘n individu met unieke behoeftes en ‘n eie persoonlikheid erken
- Kleuters volgens Christelike waardes voorberei – nie uitsluitlik vir skool nie, maar ook in terme van lewensvaardighede
- Kleuters kognitief, sosiaal, fisies en emosioneel ondersteun en voorberei
- Ouers verseker van:
  - ‘n bekwame en effektiewe personeelkorps
  - ‘n funksioneel, opvoedkundige klimaat
  - ‘n uitstekende, omvattende opvoedkundige program wat fokus op die algehele ontwikkeling van die kleuter.

**AGTERGROND**

Arbor is ‘n pre-primêre skool geleë in Fairland en het sy ontstaan in 2001 gehad. Arbor maak voorsiening vir kleuters vanaf 3 maande tot 6 jaar. Al Arbor se personeel is gekwalifiseerde onderwysers en almal beskik oor ten minste vier jaar opleiding aan ‘n tersiêre instansie. Assistente in peuterklasse is opgelei in basiese kleutervaardighede en noodhulp.

**FASILITEITE**

Daar is ‘n groot speelterrein met pragtige skadubome, groentetuin, fietsry baan, pophuis en grasperk. Daagliks word daar ‘n verskeidenheid sand-, water- en wielspeelgoed sowel as houtwerk gedoen onder toesig van personeel. Daar is geleentheid vir balspeletjies, pophuis, tentedorp, kasteel en fantasiespel. Apparaat van hoogstaande gehalte sowel as ‘n boomhuis bied geleentheid vir klim, klouter, gly en swaai.

**TYE**

- Open – 07:00 (voorskool tot 07:30)
- Sluit – 13:15
- **Nasorg** – 13:20 tot 17:00
- Kleuters wat na 13:20 afgehaal word skakel outomaties by die nasorg in. Kleuters kan voltyds of deeltyds by hierdie diens inskakel. Geen kleuter mag na 17:00 afgehaal word nie. (‘n Boete is betaalbaar in so geval).
- **Troetelbos-Nasorgfasiliteit** tot 17:00. Inskrywingsvorms in die kantoor beskikbaar.
- **Tuiswerksentrum -** Gr. 1, Gr. 2, Gr.3 is welkom om in te skakel – Carné Botha (gekwalifiseerde remediërende onderwyseres) help met tuiswerk!

**Nasorg OP ‘N ONGEREëLDE BASIS (per dag bepaal)**

Kostes word maandeliks op rekeninge aangedui.

| TYE | KOSTE |
|---|---|
| 13:15 – 13:30 | R20 |
| 13:30 – 13:45 | R30 |
| 13:45 – 14:00 | R40 |
| 14:00 – 14:15 | R50 |
| 14:15 – 14:30 | R60 |
| 14:30 – 14:45 | R70 |
| 14:45 – 15:00 | R80 |
| 15:00 – 15:15 | R90 |
| 15:15 – 15:30 | R100 |
| 15:30 – 15:45 | R110 |
| 15:45 – 16:00 | R120 |
| 16:00 – 16:15 | R130 |
| 16:15 – 16:30 | R140 |
| 16:30 – 16:45 | R150 |
| 16:45 – 17:00 | R160 |
| Ekstra boete vir na 17:00 | R150 |

**INGESKREWE NASORG TOT 17:00**
Kostes word maandeliks op rekeninge aangedui.
Berekening vind oor 4 weke per maand plaas vir 12 maande.

| NASKOOL 2022 13:20 tot 15:00 | | NASKOOL 2022 13:20 tot 16:00 | | NASKOOL 2022 13:20 tot 16:30 | | NASKOOL 2022 13:20 tot 17:00 | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **5 dag opsie** | | **5 dag opsie** | | **5 dag opsie** | | **5 dag opsie** | |
| 1 | R 784 | 1 | R 1 254 | 1 | R 1 568 | 1 | R 1 881 |
| 2 | R627 | 2 | R 1 002 | 2 | R 1252 | 2 | R 1 504 |
| 3 | R470 | 3 | R 751 | 3 | R 939 | 3 | R 1 127 |
| **4 dag opsie** | | **4 dag opsie** | | **4 dag opsie** | | **4 dag opsie** | |
| 1 | R 627 | 1 | R 1 002 | 1 | R 1 252 | 1 | R 1 504 |
| 2 | R 502 | 2 | R 803 | 2 | R 1 003 | 2 | R 1 204 |
| 3 | R376 | 3 | R 601 | 3 | R 752 | 3 | R 902 |
| **3 dag opsie** | | **3 dag opsie** | | **3 dag opsie** | | **3 dag opsie** | |
| 1 | R 470 | 1 | R 752 | 1 | R 940 | 1 | R 1 128 |
| 2 | R 376 | 2 | R 601 | 2 | R 752 | 2 | R 902 |
| 3 | R 282 | 3 | R 451 | 3 | R 563 | 3 | R 677 |
| **EKSTRA BOETE VIR NA 17:00 - R150** | | | | | | | |

- Kantoorure: 07:00 tot 14:00, Vrydae 07:00 – 13:30
- Ons volg presies dieselfde skoolkwartale as staatskole. Vakansieskool word aangebied teen ekstra kostes. Ons is ook gesluit op publieke- en skoolvakansiedae.

**FOOIE**

- Kleuters word ingeskryf vir: **R 57 300 per jaar** (R4 775.00 per maand oor 12 maande) en u aanvaar hierdie voorwaarde met die inskrywing van u kleuter.
- 10% afslag vir 'n tweede kind van dieselfde gesin, **R51 576 per jaar** (R4 298.00 per maand oor 12 maande) en 'n verdere 10% afslag vir 'n derde kind **R46 416 per jaar** (R3 868.00 per maand oor 12 maande).
- Fooie is vooruitbetaalbaar op die eerste dag van die maand.
- Betalings geskied per elektroniese oorbetaling na die FNB-bankbesonderhede wat elders aangedui word.
- **NB:** 'n 10% heffing is van toepassing indien fooie na die 7de van die maand geskied.
- Kennisgewing: Twee (2) kalender maande geskrewe kennisgewing met volle betaling word verwag as ouers kleuters uit die skool wil neem. Slegs in hierdie geval sal die deposito terugbetaalbaar wees. U kan egter NIE kennis gee gedurende September, Oktober, November en Desember maand NIE. Desember se fooie sal ten alle tye gehef word.
- Maak asb. seker dat u volledige verwysings gee met die inbetaling van skoolgeld. Spesifiseer asb. wanneer dit skoolfooi, foto's, konsertkaartjies ens. is, asook u kleuter se naam en van.

- **ARBOR BANKBESONDERHEDE:** **Arbor Fairland Pre-Primer**
  **FNB Tjekrekening, Fourways**
  **Takkode: 251-655**
  **Rekeningnommer: 62729057704**
  **Verwysing: U kleuter se naam en van**

**VAKANSIESKOOL**

- Ons bied addisioneel 'n vakansieskool aan tydens die vakansie (soos bepaal deur die Onderwys Departement).
- Hierdie vakansieskool word aangebied teen ekstra kostes.
- Die kostes per dag is as volg:
  - Halfdag (tot 13:00) - R 150
  - Voldag (tot 17:00) - R 180

**Ons bied die volgende aan u kleuter:**

- Kwaliteit onderrig
- Gedifferensieerde groepwerk
- Individuele aandag
- Klein klassies – maksimum 20 kleuters per klas
- Christelike karakter bou
- Ontwikkeling van vaardighede
- Interessante aktiwiteite
- Aanleer van gediggies en liedjies
- Uitbreiding van woordeskat
- Voorafbeplande temas gebaseer op kind se vermoëns
- Skool voorbereidingsoefeninge
- Perseptuele ontwikkelingsprogram met toepaslike werk
- Deeglike en gereëlde evaluering
- Gekwalifiseerde onderwyseresse
- Opgeleide assistente
- Gestruktureerde dagprogram
- Veilige speelgrond met speel-apparaat
- Oggendbroodjie, vrug en sap / tee / warm sjokolade
- Gebalanseerde warm middagetes (spyskaart opgestel deur 'n dieetkundige)
- Moddespel
- Tuinbou
- Handwerk en Houtwerk
- Musiek
- Poppekas
- Gesamentlike saalopening
- Skryfbehoeftes
- Toiletware
- Verskeidenheid van Buitemuurse-aktiwiteite (opsioneel, kwartaallikse fooi deur ouers)
- Poppekas
- Gesamentlike saalopenings

**Arbor dra die koste van die volgende Buitemuurse-aktiwiteite:**

- ✓ Wiskundige-opleiding (Graad R-Boomhuisieklas)
- ✓ Phys-Ed (Graad R-Boomhuisieklas)
- ✓ Playball (Die Nessie babaklas)
- ✓ Musiek (al die klasse)

**KLASSE**

| | | |
|---|---|---|
| Die Nessie | 3 maande tot 1 jaar | Carné Botha & assistent: Puleng Rantsho |
| Bonsaiklas | 1 jaar tot 2 jaar | Mandie Coetzee & assistent: Idah Mandlate |
| Geelhoutklas | 2 jaar tot 3 jaar | Debbie Kotzé & assistent: Emily Mathulwe |
| Wilgerklas | 2 jaar tot 3 jaar | Erika Steyn & assistent: Ingrid Setholon |
| Kareeklas | 3 jaar tot 4 jaar | Nicolene Riekert & assistent: Emmi Bodigelo |
| Jakarandaklas | 3 jaar tot 4 jaar | Louise le Roux & assistent: Emmi Bodigelo |
| Sederklas | 4 jaar tot 5 jaar | Rolandi Mostert (Gr. RR) |
| Eikeklas | 4 jaar tot 5 jaar | Lynda Botes, Skoolhoof (Gr. RR) |

| | |
|---|---|
| Eienares | Carina Botha |
| Skoolhoof & Onderwyseres | Lynda Botes |
| Sekretaresse | Ilze Brinckmann |
| Finansies | Carné Botha |
| Troetelbos Nasorg en Tuiswerk | Carné Botha |

## KOMMUNIKASIE – D6

Arbor maak gebruik van 'n skoolkommunikeerder – d6 ('n "pop-up") wat u installeer op u selfoon en/of rekenaar en daardeur word met ouers gekommunikeer, SMS'e en e-posse word ook van tyd tot tyd aangestuur. Ons probeer 'n verskil aan ons "carbon footprint" maak, dus druk ons nie omsend- of inligtingsbriewe nie tensy daar 'n skeurstrokie benodig word.

Hierdie program stel u in staat om toegang te hê tot ALLE skool-inligting, briewe, kennisgewings, foto's ens. Volg asb. die maklike instruksies en vergewis u met die kommunikasie-program.
Installasie op 'n rekenaar en og selfoon:

* 'n Uitnodiging vanaf die skool word aan u gestuur, met aanvang van u kind se skoolloopbaan.

**Myschool-kaart**

Ons doen 'n beroep op ons ouers om asb. by My School, Makro (Stubensvallei) asook Woolworths te registreer en aan te sluit. Daar is geen kostes hieraan verbonde nie. Beide instansies bied 'n "kontant-terug / rebates / cash rewards"-program wat aan skole gebied word vir aankope by Woolworths, Makro, ens.

Gaan sluit gerus aan by www.myschool.co.za en kies Arbor Pre-Primary School as die begunstigde (beneficiary).

Aansoekvorm en inligtingstuk van Makro en Woolworths kan aanlyn bekom word of doen navraag in die kantoor.

## DAGPROGRAM

| | |
|---|---|
| 07:15 – 08:15 | Aankoms |
| 08:15 – 08:30 | Groet, informele Godsdiens, neem van register, weer en nuus |
| 08:30 – 09:00 | Persepsie, taalontwikkeling, wetenskap, wiskundige aktiwiteite, tema-bespreking, wys en vertel |
| 09:00 – 09:45 | Skeppende aktiwiteite en vryspel binne |
| 09:45 – 10:00 | Opruim en toilet-roetine |
| 10:00 – 10:20 | Musiek, groot motoriese aktiwiteite, braingym en tuinbou. |
| 10:20 – 10:30 | Toebroodjie, vrugte & sap |
| 10:30 – 12:00 | Vryspel buite (water, sand, houtwerk, kleispel, grootmotoriek, skeppend, konstruksie, fietsry, troeteldierversorging, gerigte aktiwiteite, fantasiespel) |
| 12:00 – 12:15 | Opruim en toilet-roetine |
| 12:15 – 12:30 | Storietyd |
| 12:30 – 13:00 | Middagete |
| 13:00 – 13:15 | Afhaaltyd |
| | |
| 13:15 – 17:00 | Troetelbos-Nasorgfasiliteit met 'n versnappering, broodjie & sap |

## VORDERINGSVERSLAE

'n Aanpassingsverslag word aan die begin van die jaar uitgereik. Twee vorderingsverslae word deur die loop van die jaar aan ouers gestuur.

## DEPOSITO'S EN REGISTRASIE

Deposito's wat betaalbaar is, dien as bevestiging en om u kleuter se plek by ons te verseker. Die bedrag is gelykstaande aan een maand se skoolfooi. Hierdie deposito sal slegs terugbetaal word indien u minstens 2 (twee) maande vooraf kennis gee van u voorneme om u kind se bywoning by Arbor Fairland Pre-Primêr te beëindig en ooreenkomstig die kontrak aangegaan tussen u en Arbor. 'n Nie-terugbetaalbare registrasiefooi van **R1 000.00** is ook betaalbaar en dit sluit 'n T-hemp in. Alle kleuters herregistreer jaarliks teen 'n fooi, wat alle instappies, Moeders-, Vaders-, Ouma&Oupa-dag, skryfbehoeftes, toiletware insluit.

## VEILIGHEID EN SEKURITEIT

Arbor Fairland Pre-Primêr se sekuriteit-sisteem is gekoppel aan 'n 24 uur gewapende reaksie-eenheid. Kameras op speelterrein en parkeerarea is aangebring. Toesig is daagliks (oggende en middae) beskikbaar by die ingang tydens aankoms- en afhaaltye. Kleuters moet persoonlik deur 'n genomineerde persoon by die skool besorg en afgehaal word. Kleuters sal onder geen omstandighede aan enige ander persoon oorhandig word indien daar nie vooraf reëlings getref is nie. Stel ons asb. vroegtydig in kennis indien u kind

deur 'n persoon wat nie aan ons bekend is nie, gehaal moet word. Teken dit ook asb. in ons toestemmingsregister in die kantoor aan. Ons het 'n uitgewerkte noodplan wat ons gereeld oefen.

**MEDIES EN IMMUNISERING**

Ons mag GEEN medikasie aan enige kleuter toedien sonder die SKRIFTELIKE toestemming van die ouer nie. **Indien u kleuter medikasie moet ontvang, stuur asb. 'n skrywe (of stuur 'n e-pos) aan die skool vir liasseringdoeleindes, wat ons toestemming verleen en of teken dit aan in die medisyneregister-boek in die kantoor.**

Kleuters moet geïmmuniseer wees en afskrifte van die nodige dokumente moet aan die inskrywingsvorm geheg word.

Hou asb. siek kleuters tuis sodat hulle nie die ander maatjies aansteek nie. Indien die muscus in 'n kind se neus verkleur het (geel of groen is), het infeksie reeds ingetree en kan hy/sy iemand aansteek. Ouers sal dadelik in kennis gestel word indien 'n kind siek is. Geen kind met koors sal by die skool toegelaat word sonder 'n doktersertifikaat wat bepaal dat die kind nie aan 'n aansteeklike siekte ly nie. Daar sal streng gehou word by die kwarantyntydperk vir enige aansteeklike siekte.

**VERVERSINGS EN SPEELGOED**

Die skool voorsien genoegsame voedsame kos aan u kleuter. Geen lekkergoed, skyfies of koekies mag skool toe gestuur word nie. Kinders word nie toegelaat om speelgoed skool toe te bring nie. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir gebreekte of verlore speelgoed nie.

**KLEREDRAG**

'n Ekstra stel klere en 'n trui MOET elke dag saamgestuur word. U kind moet elke dag 'n tassie skool toe bring. Stuur asb. u kind in gemaklike klere wat nie vryspel sal belemmer nie. Alle klere en persoonlike items moet gemerk wees. Die skool aanvaar geen verantwoordelikheid vir ongemerkte verlore klere nie.

**VERJAARSDAE**

Elke kleuter ontvang op sy verjaarsdag 'n geskenkie en 'n kroon. U kan 'n verjaardagkoek, "cup cakes" of partytjie-pakkies saamstuur skool toe. Tref asb. reëlings met die betrokke onderwyseres ten opsigte van getalle en tye.

**OUERBETROKKENHEID**

Dit is vir ons belangrik dat u as ouer tuis voel by die skool. Ons wil graag u betrokkenheid aanmoedig deur fondsinsamelings, funksies, vergaderings en ouerdae aan te bied. Fondsinsamelings word gereël om apparaat en hulpmiddels by die skool aan te vul.

**ONDERHOUDE MET DIE PERSONEEL**

Die skool stel graag 'n oop lyn van kommunikasie daar. Maak asb. vooraf 'n afspraak sodat 'n gesprek ongehinderd kan plaasvind. Onderwyseresse sal geen oproepe tussen 08:15 en 13:00 ontvang nie en sal ook nie in hierdie tyd hulle selfone antwoord nie. Skakel asb. die kantoor (011-678 5336 of arborfairland@telkomsa.net) indien daar dringende aangeleenthede is.

**ADRESSE EN KONTAKNOMMERS**

Dit is van uiterste belang dat die skool ten alle tye met u in verbinding kan tree. Verwittig asb. onmiddellik die kantoor en betrokke onderwyseres van enige adres- en kontaknommer-veranderings.

**MUSIEK-AKTIWITEIT**

Op Maandae en Dinsdae woon elke klas in die skool 'n musiekles by en dit is ingesluit by die skoolfooie.

**TERAPEUTE**

Die dienste van 'n spelterapeut, arbeidsterapeut, spraakterapeut en opvoedkundige sielkundige is beskikbaar op die perseel. Navrae in die kantoor.

**BUITEMUURSE AKTIWITEITE**

Ouers besluit self om hulle kleuters vir buitemuurse aktiwiteite in te skryf. Aktiwiteite word gedurende die oggend aangebied. Geen van die aktiwiteite oorvleuel nie. Die skool hanteer geen fooie van die buitemuurse aktiwiteite nie en aanvaar geen verantwoordelikheid vir kontant wat in die betalingsbussies geplaas word nie. Alle betalings moet asb. elektronies gemaak word en die bewys van betaling kan in die betalingsbus wat in die kantoor aangebring is, geplaas word. Alle buitemuurse aktiwiteite is opsioneel.

Rugga Kids (Rugby)

Rugga Kids word aangebied vir kleuters vanaf 3-jarige ouderdom. Die kleuters kry ook die geleentheid om een keer per kwartaal in 'n span te speel by 'n toernooi wat deur Rugga Kids aangebied word.

Nett Girlies (Netbal)

Netbal-vaardighede word vir ons kleuters vanaf 3-jarige ouderdom aangebied.

Pottebakkery

Beaux-Arts Kidz Kraftz word aangebied vir kleuters vanaf 3-jarige ouderdom. In die proses van pottebakkery word kleuters blootgestel aan spelmateriaal wat sensopatiese genotservaring bied, soos klei en vingerverf.

Catrobatkidz

Catrobatkidz word aangebied vir kleuters vanaf 2-jarige ouderdom. Die bewegings ontwikkel balans, krag, koördinasie en soepelheid.

Eksperi-maatjies

Eksperi-maatjies is wetenskap-klassies wat aangebied word vir kleuters vanaf 4-jarige ouderdom. Dit is ontwerp om vol pret te wees, maklik vir gretige handjies en ogies, met eksperimente wat jou kind sal help om antwoorde te vind.

Playball

'n Fasiliteerder kom bied een keer per week 'n lessie aan wat oog-hand-en- voet-koördinasie bevorder. Die Bonsaiklassie kan gedurende die 2de kwartaal hiervoor inskryf.
Playball vir die baba-klas is gratis, Arbor dra die koste van hierdie aanbieding.

Jack in the Box – drama

Drama- & spraakklassies vir kleuters vanaf 3-jarige ouderdom wat daarop gemik is om selfvertroue te bou deur verbeelding en kommunikasievaardighede te ontwikkel. Aandag word gegee aan uitspraak, projeksie en lyftaal om sodoende die vaardighede te onwikkel wat nodig is vir redenaars, voorbereide/onvoorbereide lees, mimiek, voordrag, prosa en monoloë.

Dance Mouse

Verskillende vorme van dans: "Hip Hop, Rock 'n Roll, Afro Fusion, Disco, Hula, Modern, Jazz, Cheerleading Basics". Kostes vir die Bonsaiklassie, word deur Arbor gedra. Die res van die skool doen egter 'n aanlyn registrasie.

Phys-Ed

Phys-Ed vir die Gr. R-klas is gratis, Arbor dra die koste van hierdie aanbieding.

Crew Grow Wiskunde

Crew Grow Wiskunde vir die Gr. R-klas is gratis, Arbor dra die koste van hiedie aanbieding.
Vir die Eike- en Sederklas word dit as 'n buitemuurse-aktiwiteit aangebied, ouers dra hierdie koste self.

Arbor
Fairland Pre-Primêr